12 Oktober 2009

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR BERTUS DE JONGH,
HOOFUITVOERENDE BEAMPTE VAN DIE MELKPRODUSENTE-ORGANISASIE

MPO maan teen protesaksie

"Die Melkprodusente-organisasie (MPO) deel EU melkprodusente-organisasies se kommer oor die uitwerking van gesubsidieerde melkuitvoere op veral ontwikkelende lande se suiwelbedrywe, maar is nie in 'n posisie om by suiwelpolitiek in die EU betrokke te raak nie," sê Bertus de Jongh, hoofuitvoerende beampte van die MPO, in reaksie op die voortgesette protesaksies deur melkprodusente in die Europese Unie.

"Die MPO het empatie met die swaarkry van melkprodusente regoor die wêreld, maar beskik nie oor genoeg kennis en inligting om betrokke te raak by die interne suiwelpolitiek van ander lande nie. Suid-Afrikaanse omstandighede verskil aansienlik van dié in Europa waar kwotas en staatsubsidies 'n groot rol in die melkbedryf speel. Afrika word ook gekenmerk aan sy reuse voedseltekorte en in die lig van hierdie situasie, kan die MPO hom ook nie uitspreek ten gunste van melkverspilling nie."

Tydens die Internasionale Suiwelfederasie se pas-afgelope Wêreld Suiwel Spitsberaad in Berlyn, het die MPO in gesprek getree met verskeie rolspelers in die Duitse melkbedryf. Volgens De Jongh is dit duidelik dat die bedryf in Duitsland groot skade berokken is deur die voortgesette protesaksie. Suiwelverbruik het gedaal en produsentegeledere is verdeel tussen radikale en gematigde produsente.

Thorkild Rasmussen, hoof van die EU Kommissie se suiwelbeleidsafdeling, het ook by die Wêreld Suiwel Spitsberaad beklemtoon dat die EU se suiwelbeleid die belange van melkprodusente op die hart dra en dat die bestaande suiwelbeleid tot uitvoer gebring sal word. Die standpunt is verlede week weer deur EU Kommissaris, Mariann Fischer Boel, in 'n vergadering van EU landbouministers bevestig.

Vir meer inligting, kontak Bertus de Jongh by 012 843 5600 of 082 552 0594 of e-pos bertus.dejongh@mpo.co.za

Einde